10 Maart

Lukas 4:1-12

Daar staan geskrywe…

Ysbreker

Vir watter kos kan jy nie nee sê nie?

Lof en Aanbidding

Dit is Lydenstyd. Wanneer ons stil raak fokus ons in hierdie tyd op die lyding van ons Here in ons plek, maar ook saam met ons. Dink nou aan Hom terwyl jy dink aan jou eie versoekings. Sing in hierdie tyd meer stadige aanbiddings- of toewydingsliedere. Iemand lees Ps.91:1,2,14-16 voor en die groep die Psalm in.

Woord

Luk.4:1-13

1. Lees weer die 13 verse in stilte. Kyk mooi wat hier gebeur. Wat tref jou die meeste? Watter uitwerking het Jesus se versoekings op joune? Praat in stilte met Hom daaroor.
2. Wanneer begin die duiwel met sy versoekings? Wanneer Jesus ‘n “geestelike hoogtepunt” of laagtepunt beleef? (vers 1) Hoekom sê julle so? Dink julle dit is goeie strategie?
3. Op watter drie menslike behoeftes konsentreer die duiwel in sy versoekings? (verse 3-10) Op watter behoeftes fokus hy wanneer hy ons versoek?
4. Jy kan ‘n versoeking baie moeilik weerstaan as die Bybel bygesleep word. Die duiwel ken die Bybel (verse 10,11). Hoe versoek die duiwel ons vandag met die Bybel of uitdrukkings soos “Die Here sê…”
5. Hoe hanteer Jesus die duiwel (vgl.Ef.6:17b)? Hoe maak ons? Watter uitwerking het hierdie verhaal op jou lewe? (Lees tog asb net weer Heb.4:14-16; 5:2)

Bedien mekaar

Neem nou 3-3 mekaar se hande en bid dat die Here met sy groot krag jou broer/suster sal beskerm teen die aanslae en versoekings van die duiwel.

Uitsending

Na watter een persoon, wat jy weet deur die duiwel geboelie word, gaan jy hierdie week, net om vir hom/haar te gaan bid?